



eduresourceza.com



ROEDEAN SCHOOL (SA)

INSPIRING A LIFE OF SIGNIFICANCE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

ANTE MATRIC

22 NOVEMBER 2022

Vak : AFRIKAANS FAL VRAESTEL 2
Tyd : 2½ uur
Datum : 22 NOVEMBER 2022
Totale Punte : 100
Eksaminator : Mev. C Keyter
Moderatore : Mev. D Ward & Mnr. J Bredenkamp

Instruksies:

- Skryf jou naam en van bo-aan jou vraestel en antwoordstel.
- Lees die vrae deeglik deur voor jy dit beantwoord.
- Skryf duidelik en netjies.
- Beantwoord al die vrae.
- Die vraestel bestaan uit 9 bladsye en 7 vrae.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe foliopapier.

Afd. A: _____ /70 Afd. B: _____ /30

Totaal: _____ /100

AFDELING A: PROSA
DONKER WEB DEUR FANIE VILJOEN



[FOTO VERKRY VAN: <https://www.bing.com/images>]

VRAAG 1

Bestudeer die voorblad en beantwoord die volgende vrae.

- 1.1.1 Watter woorde staan uit op die voorblad van die boek? (1)
- 1.1.2 Hoe word die woorde wat in 1.1.1 gevra is, beklemtoon? (2)
- 1.1.3 Noem die atmosfeer wat deur die woorde geskep word. (1)
- 1.4 Hoe weet ons dat die vorige boek baie goed was? (1)
- 1.5 Wie is die persoon wat op die voorblad verskyn? (1)
- 1.6 Beskryf sy gesigsuitdrukking en kleredrag. Gee een feit by elk. (2)
- 1.7 Verduidelik in jou eie woorde wat die woord “wraak” beteken. (1)
- 1.8 Haal EEN woord wat op die voorblad verskyn aan, wat bewys dat buse en slegte dinge in die boek, gaan gebeur. (1)

[10]

VRAAG 2

Pas die volgende karakters uit Kolom A by die beskrywing in Kolom B. Skryf net die nommer en antwoord neer bv. 2.1 D

Kolom A	Kolom B
2.1 The Butcher	A. Hy was 'n uitgeslape <i>hacker</i> wat 'n massiewe social engineering-aanval op ons gesin geloods het. bl.18
2.2 The Candlestick-maker	B. Stigter van Lawson College en TJ se oupa. bl.12
2.3 Thomas Lawson	C. "Almal vir wie ek lief is, word van my af weggevat" bl.15
2.4 Regter Gericke	D. Ouer broer van Greg en adrenalienslaaf, die onrustige een. bl.14
2.5 Greg Owen	E. Dok Pienaar, die hoof van Lawson College. bl.19
2.6 Eckardt Wilken	F. Die ou wat die polisie gaan vertel het Greg is 'n hacker. bl.21
2.7 John	G. "Is dit <i>Hacker for hire</i> ?" bl.27
2.8 Greg se ma	H. "Gaan soek 'n plek waar jy kan wegkruip. Jy kom nie uit totdat ek jou roep nie. Gou! Maak gou!" bl.8
2.9 TJ	I. Chris Owen, magtige media-baas, die hoof van Turret Media-groep bl.39
2.10 Plank	J. 'n Denker, 'n dromer, 'n rebel. bl.14
	K. "Ken ek jou?" "Hy's nie een van Pa se kriminele nie," bl. 35

[10]

VRAAG 3: Dialoog

- Voltooi die volgende Dialoog.
- Die antwoorde moet getrou aan die feite in die boek of die voorkennis wees.
- Skryf net die **nommer en antwoord** neer.

Greg praat met sy ma.

- Ma: Greg, ek probeer sin maak uit die gebeure. Hoe het jy by die hele kuberkraak-storie betrokke geraak, my kind? Wie het jou geleer?
- Greg: **3.1 ... het my geleer.** (1)
- Ma: Jy moes seker bang wees, dat jy uitgevang sou word. Wat was jou krakerskuilnaam?
- Greg: Ek het die naam **3.2 ... gebruik.** (1)
- Ma: Wat het jy oor Dok Pienaar uitgevind?
- Greg: Ek het uitgevind hy is die hoof van die **3.3 ... maatskappy.** (1)
- Ma: Wat het die maatskappy gedoen wat onwettig is, en hoe sou hulle geld daaruit maak?
- Greg: Hulle het 'n **3.4 ... gekweek en het geld uit die 3.5 ... gemaak.** (2)
- Ma: Wat was jou pa se rol in die onwettige gebeure?
- Greg: Pa se maatskappy moes **3.6 ...** (1)
- Ma: Wat het Dok Pienaar en jou pa aan Eckardt se pa gedoen? Hoekom is Eckardt so kwaad?
- Greg: Hulle het Eckardt se pa wat 'n **3.7 ... was, 3.8 ...** (2)
- Ma: Wat het met Eckardt se pa gebeur?
- Greg: Hy het na die uitspraak in die hofsaak **3.9 ... en is vermoedelik deur Dok se mense 3.10 ...** (2)
- Ma: En wat het John se dood met die hele saak te make?
- Greg: Die pille wat John gebruik het om mee **3.11... te pleeg, is afkomstig van die maatskappy 3.12 ...** (2)
- Ma: So Eckardt het ons hele familie verwoes met sy **3.13 ... aanval.** (1)
- Greg: Ja, Ma en nou moet ons probeer om met ons lewens aan te gaan. Sal Ma reg wees hier op Ma se eie in dié groot huis?
- Ma: Weet jy wat ek gedoen het na John se dood as jou pa op sakereise was en jy by die skool? Ek sou wag tot al die werkers weg is, al die deure en vensters toemaak en dan het ek **3.14 ...** (1)
- Greg: Ai Ma, ek is jammer! Ek sal gereeld bel van Stellies af.

Ma: Onthou Greg, alles wat nou voor jou lê, was nie vir jou broer beskore nie. Hoekom het jy die foto van John in die ingangsportaal afgeneem?

Greg: Die Meksikane glo mos **3.15** ... (1)

Ma: Pas jouself op Greg!

Greg: Kyk mooi na Ma-self, en as Ma vir Pa sien ... [15]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAE

Lees die volgende uittreksel en beantwoord dan die vrae.

'n Volgende blad verskyn. Dit wys dat die farmakologiese maatskappy se webblad 240 keer gestoor is. 'n Grafiek en 'n kalender wys ook presies wanneer dit gestoor is. Ek beweeg na 'n random datum. Die pop-up wys daar is dié dag twee snapshots van die webblad gemaak. Ek kies een en binne oomblikke verskyn die verlore webblad. Ongelooflik!

Links op die webblad is die skakels na *Mission statement*, *Products*, *Orders*, *About*, *Contact us*. Soos destyds, kry ek die blad met die organogram. Ek maak 'n skermdruk van die organogram. Stoor dit op die cloud. My oog vang die tyd op my laptop. Ek het 'n halfuur voordat ek moet waai. bl. 43

- 4.1 Wie is die persoon wat hier op die rekenaar besig is? (1)
- 4.2 Watter farmakologiese maatskappy se webblad is dit waarna hy op soek is? (1)
- 4.3 Hoe weet ons dat die persoon al tevore so iets gedoen het? (1)
- 4.4 Hierdie maatskappy is die frontmaatskappy vir *Project Nursery Rhyme*. Na wie soek die persoon op die organogram? (1)
- 4.5 Twee van die drie persone wat met *Project Nursery Rhyme* betrokke was is in die tronk. Wat weet ons van die persoon wat gesoek word? Gee DRIE feite. (3)
- 4.6 Die verdagte het die Owen huishouding besoek tydens 'n partytjie. Wie het 'n vreemde gevoel gehad en weggekruip? (1)
- 4.7.1 Waarvan is die verdagte aangekla deur die polisie? (1)
- 4.7.2 Wat het met die verdagte in Greg se matriekjaar gebeur na hy deur die polisie gevang is? (1)

[10]

VRAAG 5: Langvraag

Kyk na die volgende diagram en beantwoord dan die vraag in 'n opstel. Jou inhoud en taalgebruik sal bepunt word.

1. Skryf 'n Opstel van **250-350 woorde** oor die onderstaande onderwerp.
2. Die opstel moet 'n **inleiding** en 'n **slot** hê.
3. Die **Inhoud tel 20** en die **Taal en Struktuur tel 5**.
4. Kyk na die punte indeling by elke vraag.
5. Die Opstel word met die D6-rubriek nagesien.

JONGMENSE WAT 'N INVLOED OP GREG SE LEWE, TOT EN MET SY STUDIES OP STELLENBOSCH GEHAD HET.


1. Plank en Kwanele:

- Waar het die drie tyd saam gespandeer? Gee die **skool** en die **koshuis** se naam. (2)
- Wat was Kwanele se **posbeskrywing** en waarmee het hy **oorgeneem** toe Greg weg is in sy matriekjaar? (2)
- Watter sport het Plank en Greg saam gespeel? (1)
- Noem die handgebaar wat Greg onkant vang wat Kwanele en Plank gebruik om hom te groet. (1)
- Hoe sit hulle nou hulle vriendskap voort in Greg se nuwe lewensfase? (1)




2. John Owen:

- Was John ouer of jonger as Greg? (1)
- Wat was John se kreet wat hy altyd geskree het? (1)
- Waarvan het John gehou? (1)
- Noem EEN aktiwiteit wat Greg en John saam gedoen het. (1)
- Hoekom is sy kamer in die Owen huis in Sandhurst net so gelos na sy dood? (1)
- Watter sportsoort het Greg en John beide op skool gespeel? (1)
- Noem die verantwoordelikheid wat Greg voel teenoor John se nagedagtenis? (1)



3. Nicole:

- Hoe beskryf Greg sy verhouding met Nicole? (1)
- Hoekom het hulle uitgemaak? (1)
- Plank beskryf haar as 'n "User" en sy het ook met iemand geflankeer. Wie was dit? (1)



4. Chloe:

- Waar leer ken Greg vir Chloe? (1)
- Wat studeer sy? (1)
- Hoe betrek sy Greg by die studentelewe van 'n eerstejaar? (1)

Inhoud: 20 Taal en Styl: 5

[25]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B
KREATIEWE SKRYF

VRAAG 6: E-POS BOODSKAP

Instruksies:

- 1) Kies **EEN** van die onderwerpe.
- 2) Skryf **200-250** woorde daaroor.
- 3) Die Inhoud en Taal word volgens 'n rubriek geassesseer.
- 4) Gebruik die korrekte formaat vir 'n e-pos.
- 5) Die formaat hieronder moet in jou antwoordboek geskryf word.



Transaksionele Skryfstuk: 'n E-pos

Aan:

Van:

Onderwerp:

6.1 Greg skryf vir sy Ma 'n e-pos om haar om verskoning te vra vir al die moeilikheid wat hy veroorsaak het.

- * Hy vertel haar hoe hy regkom op Stellenbosch.
- * Hy vertel hoe hy besig is om vir John ook te lééf.
- * Hy vra haar om hom te vergewe.
- * Hy vertel haar dat hy ook besig is om na die *Baker* te soek.

(20)

OF

6.2 Greg mis sy pa en voel sleg oor wat hy gedoen het. Hy skryf vir hom 'n e-pos.

- * Hy vra om verskoning vir sy gedrag voordat hy weg is.
- * Hy vertel hoe hy voel en wat vir hom belangrik is.
- * Hy verduidelik hoe hy begin soek het na die *Baker* en hoekom hy gaan aanhou.
- * Hy skryf ook wat sy planne vir die toekoms is.

(20)

OF

6.3 Greg skryf vir John 'n boodskap om vir hom te vertel hoe hy hom mis. Hy bedank hom ook vir al die lekker tye saam.

- * Hy vertel hoe jammer hy is dat John nie alles op Stellenbosch kan deel nie.
- * Hy vertel hoe dankbaar hy is dat hulle soveel lekker goed saam kon doen.
- * Greg vertel ook hoe hy en Plank dinge saam doen.

(20)

OF

6.4 Nicole skryf vir Greg 'n boodskap om hom te vertel hoe dit met haar gaan.

- * Sy vertel hom dat sy nie meer kontak met hom mag hê nie oor die hofsaak wat kom.
- * Sy wens hom alle voorspoed toe vir sy toekoms.
- * Sy sê dankie vir die tyd wat hulle saam kon uitgaan.
- * Sy vertel hom wat sy van hom waardeer.

(20)

VRAAG 7: UITNODIGING

7.1 Chloe nooi vir Greg, Plank en Lisa uit na 'n partytjie by haar woonstel. Maak die uitnodiging. Kreatiwiteit en 'n kleurvolle uitnodiging sal die aandag trek en jou punte positief beïnvloed.

Instruksies:

- 1) Maak 'n uitnodiging.
- 2) Skryf **80-100** woorde.
- 3) Dink aan die volgende:
 - Datum
 - Tyd
 - Plek
 - Wat julle gaan doen
 - Wat hulle moet saambring
- 4) Die Inhoud en Taal word volgens 'n rubriek geassesseer.

(10)

TOTAAL AFDELING B: 30
TOTAAL VAN DIE VRAESTEL: 100